

Skrifgedeelte: Psalm 9:1-7

Fokusgedeelte: Psalm 9:1-7

Ek wil die Here prys

Hoe kom ons by die oortuiging: “Met my hele hart wil ek U prys, Here”? In die Psalm begin Dawid deur sy toewyding aan die Here te bevestig. Daarna verduidelik hy deur die Psalm hoekom die Here prysenswaardig is. Een van die redes waaraan Dawid bly vashou, is die Here wat Regter is (vs 4-5).

In sy lewe het Dawid besef die Here is Regter. Sy blote verskyning kan sy vyande vernietig (Ps. 21:10). Dit is hoe Heilig die Here is. Sy heiligheid verteer al sy vyande.

Hoekom is Dawid nie een van die Here se vyande nie? Want Hy besef Hy is afhanklik van die Here. Hy glo en vertrou op Hom. Deur sy geloof het hy deel aan die redding wat Jesus Christus bewerk het. Hy het die toorn van God namens ons gedra (HK So. 15, v/a 37).

Ons wat in Hom glo en vanuit ons geloof vir Hom leef, het dieselfde voorreg as Dawid. Ons word nie deur die Here verteer nie, maar ons is sy kinders.

Wat doen dit aan jou hart om dit te weet? Dit laat ons uitroep: “Met my hele hart wil ek U prys, Here”!

Om die Here te prys, beteken om sy grootheid te erken en dit te bely as ’n feit. Dit is nie meer net koppe-kennis nie, maar ons wil Hom vertrou met alles. Daarom wil ons ook vertel. Ons wil die Here se magtige dade oordink, bereken en aan ander vertel omdat ons Hom liefhet. Ons wil ook vrolik wees in die Here. Daar is baie dinge in die wêreld wat ons kan bly maak, maar ons wil ons blydschap in die Here vind. Ons wil uiting gee aan ons blydschap deur soos Dawid te sing.

Wees vandag bly in die Here, prys Hom, vertel van sy magtige reddingsdade. Hy is jou Redder.

Sing: Psalm 9-1:1, 9

Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Mosselbaai)